Deutronomium 11

Tema: God speel in die gemeenskap

Inleidend

Perichoresis is die Griekse woord wat gebruik word om die verband tussen die Drie-eenheid, die twee nature van Jesus Christus en God se alomteenwoordigheid te beskryf. Niks kan die drie lede van die Drie-eenheid – die Vader, Seun en Heilige Gees – van mekaar skei nie. Mense sukkel soms om die gekombineerde Godheid en identiteit te verstaan – en met reg, want dit is ’n misterie. John Wesley skryf oor hierdie misterie : “Bring vir my ‘n wurm wat die mens kan begryp en ek wys vir jou ‘n mens wat Drie Enige God kan begryp”.

Die woord perichoresis kan egter help om dit beter te verstaan. Die woord kom van die Griekse peri wat “om” beteken en chorein wat “om pad te gee” of om “plek te maak” beteken. Perichoresis kan vertaal word as “rotasie” of “rondgaan”. Sommige geleerdes stel dit voor as ’n soort gechoreografeerde dans. Al die deelnemers wat saam dans, beweeeg as een, presis en vloeiend, om saam ’n sinvolle werk te skep. Van vroeg af word hierdie term in die kerk gebruik om God Drie-enig te beskryf. God wat in sy wese verhouding/gemeenskap is en in verhouding met Homself leef – Vader, Seun en Heilige Gees. Ons lees ook ons is geskape na God se beeld en daarom is ons geskape om in verhouding met God Drie - enig te leef, maar ook met ander en in gemeenskap met mekaar. Ons word genooi om saam te kom speel en saam te kom dans as deel van die gemeenskap met God Drie-Enig. Dit is ook waarvoor Jesus bid in Johannes 17. Hoe meer ons in God se liefde leef en deel van sy liefdesdans is, hoe nader leef ons aan mekaar en in mekaar, sodat ons al meer God in mekaar begin raaksien, en mekaar sien met die liefde wat God ons sien. Ons is gemaak as verhoudingswesens/ gemeeskapswesens. Ons kan nie op ons eie leef of oorleef nie, nie fisies nie en ook nie psigologies nie – ons het mekaar nog. Ons is geskape in verhouding tot mekaar. Soos ‘n mier of ‘n by is ons verlore sonder

gemeenskap. Vir ‘n by of mier om sy kolonie te los en op hulle te gaan is om selfdood te pleeg.

Richard Rohr vertel hoedat ‘n Psigiater vriend vir hom gesê het: Op die einde van die dag besef hy dat alle geestelike siek mense is basies alleen. Daar is dikwels psigiese/fisiese redes vir die geestelike sieke, maar dit is gewoonlik alleenheid/isolasie wat dit geaktiveer het. Ons is nie gemaak vir alleen wees of om sonder verhoudings te leef nie.

Biskop Tutu skryf op ‘n stadium die volgende….”we think of ourelves far too frequently as just individuals, separated from one another, whereas you are connected and what you do affects the whole world. When you do well, it spreads out, it is for the whole of humanity.”

Ubuntu beginsel in Afrika - “I am what I am, because of who we all are.”

Ons kan nooit ons self beskou as iemand op ‘n eiland nie – elke liewe ding en keuse en handeling, goed of sleg het ‘n effek op jou familie, op jou vriende op die gemeenskap. Wanneer ek praat het dit ‘n invloed en wanneer ek stilbly wanneer ek moes praat het dit ook ‘n invloed. Wanneer ander nood het en swaar kry, kan ek nie onaangeraak bly nie en so kan ons voortgaan….

So dikwels dink ons oor onsself as individue, los van ander. Ons leef inderdaad in ’n baie sterk individualistiese kultuur. Waarin die idee versterk word dat elke mens se lewe verbeter en versterk word deur sy eie pogings, gebaseer op sy eie toeweiding, eie fokus en eie besluitneming. In so ’n individualisties kultuur, gaan ons lewens vir ons oor persoonlike verryking, persoonlike groei, selfs soms ten koste van ander. Ons leef met ‘n baie sterk individualistiese kultuur en dit kan selfs toksies raak. Mense sal alles doen vir hulleself – nie eers wat hulle keuses se invloed is op ander of die skepping het nie. Die gevolg is dat mens so maklik afgestomp kan raak vir ander en net vir jouself en jou klein groepie kan begin leef.

Die boek Deutronomium neem ’n strategiese plek in in die Bybel om ons te help om te verstaan wat dit beteken om gevorm te word as God se Volk/as God se gemeenskap wat in gemeenskap met Hom en met mekaar moet leef.

Dit help ons egter om Deutronomium te lees in die lig van gebeure wat 500jaar na die preek plaasgevind het waarvan ons lees in 2Konings 22-23 en 2 Kronieke 34-35. Hier lees ons van Josua wat op 8 jarige ouderdom die jongste koning word wat Israel gehad het en vir die 31 jaar wat hy as koning geheers het is dit die inhoud en preek van Deutronomium wat hom gehelp het om Israel te laat leef as die geloofsgemeenskap wat God dit wou laat wees.

Ons hoor twee aksies wat die volk as geloofgemeeskap sal laat leef: Liefde vir God en liefde vir mekaar.